# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -38/2023 – November2023*

## WOONSTELBRAAIE............UITDAGING...........WATTER BLOK IS EERSTE?

Deur die jare het baie woonstelbewoners gekla dat hulle nie kan braai nie. Nou het ons ’n pragtige braaigebou sommer hier tussen en naby die woonstelle.

Hoe lyk dit met ’n woonstel-blok-braai? Wie gaan die inisiatief neem? Werk saam, braai saam, eet saam, en leer mekaar ken.

## KOMMISSARIS VAN EDE

Die dame wat gehelp het om mense se dokumente, waar nodig, beëdig te kry het verhuis.

Enige persoon in die oord asseblief wat kommissaris van ede is wat kan help?? Stel u ure of voorwaardes.

## BUSTOERE

Die onlangse bustoer vir die dag na “The Grove” was ’n groot sukses. Geëet, gefliek en winkels besoek. Dank aan Stoffel vir die reëlings.

Hou kennisgewingbord dop vir toekomstige dagtoere. Voorstelle?

## VISVANG/BRAAI NAWEEK/DAG

Belangstelling vir sulke geleenthede?/ Laat weet by kantoor

## ROLBAL EN/OF GHOLF

Daar is blykbaar van ons inwoners wat gereeld rolbal (nie die Franse soort nie) speel by klubs buite ons oord. Dieselfde geld waarskynlik ten opsigte van Golf. Ons wil vra om u aan te meld by George Eybers (eenheid 97) vir ‘n moontlike Bougainvilla span.

## TV IN DIE SAAL

Groot sportgeleenthede kan in die saal op TV gekyk word

U moet dan voor die tyd reël met Ronnie by eenheid 3206 of met Marietjie by eenheid 219 die TV te kom aanskakel. Hulle het beide ’n TV remote en dekodeerder remote.

Indien Ronnie dit nie kan maak nie of nie tuis is nie en Marietjie is ook nie tuis en kan dit ook nie maak nie.Gaan daar GEEN TV in die saal gekyk kan word nie.

## HOEDERAK

Daar gaan ’n rak opgesit word om hoede aan op te hang. Ongeveer by die ingang/ontvangs van die eetkamer.

## SEKURITEIT

By alle voorvalle wat deur die jare aangemeld is, was werkers wat privaat indiens geneem is betrokke.

Daar is byvoorbeeld steeds inwoners wat hul kredietkaarte aan werkers gee en hul pin nommers daarmee saam.
Dit het enkele inwoners reeds duur te staan gekom. Moet dit nie doen nie.
Gebruik kontrakteur se werkers

a) Hulle het almal reeds polisieklarings en geregistreer - anders moet u self reël en betaal
b) Kontrakteur reël UIF, pensioen, siek/kraamverlof - anders is u self hiervoor verantwoordelik
c) Kontrakteur betaal hulle - U het geen betalings probleme of geskille nie.
d) Kontrakteur hanteer ontslag en CCMA – groot las van u skouers af
e) Skoonmakers bring die skoonmaakmiddels – vir u eie werknemer sal u self moet aankoop
f) Werker een uur vir vyf dae is een dag se loon benodig – u eie werker een dag se loon elke dag.
g) Diefstal of ander probleme is kontrakteur s'n - Vir eie werker is dit u probleem.
h) Werker siek kan 'n ander een instaan - Eie werker kan lank afwesig wees en is u probleem.

Laat weet asseblief dadelik as iemand by jou deur opdaag sonder dat daar eers gebel is. Moenie dae of weke later daaroor kla nie.

## BENUTTING SAAL

Inligtingsessies Jaarvergaderings, Kerkdienste, Begrafnisse, Gaskunstenaars, Mandjiedanse en soortgelyke groot byeenkomste sal almal in die saal aangebied word.
Die saal sal steeds benut word deur NGKerk se bybelstudies Vrydagoggende. Groep te groot vir Stoep 1.
Lyndans-oefeninge, die trimgym sal ook steeds in die saal aangebied word.
Maandelikse mark op 'n Saterdag sal ook die saal benut. Groentemark slegs met hoë uitsondering in die saal. (ekstreem koue of reën)

## STOEPE

Ons het 'n vergadering gehad met belangstellendes wat gereageer het om voorstelle te maak oor die benutting van ons toegeboude stoep/e. Die belangstelling vir die aanbieding van kursusse was veral baie groot.

## STOEP 1

Die stoep sal gebruik word vir alle speletjies wat mens nie tuis speel nie, maar op gemeenskaplike eiendom wil speel. Kaart, Bingo, Legkaarte, Rummikub ens.
Dit sal verder benut kan word vir kleiner besprekinggroepe, bidure, bybelstudies, sessies vir verwelkoming van nuwe intrekkers, Komiteevergaderings ens.

## STOEP 2A

Dis 'n stoorplek vir oortollige boeke van die biblioteek en biografieë. Voorlopig ook 'n legkaartstasie.

## STOEP 2B

Beplan vir tafeltennis en veerpyltjies.
Intussen het iemand 'n tafeltennistafel geskenk. Veerpyltjies, iemand??
Dit is beskikbaar elke dag as u lus het om te speel. Eerste vloer teenoor woonstel 1122. Wie wil hier leiding gee, groep stig en tye reël? Intussen kom en indien beskikbaar kan u speel.
Daar sal ook nog enkele kleiner aanpassings gemaak moet word.

## STOEP 2C

Die deel sal eers verder ingerig moet word volgens die behoeftes wat bepaal is.

Die aanbieding van kursusse van dinge soos, hekel, decoupage, mosaiek, loodglas, maak van kaartjies, papierkuns, lapverf, neurografiese kuns, , kralewerk, juwele maak en herstel, wirwar, teken, inkleur, pewterwerk ens.

## STOEP 3A GYM

Indien u toerusting in 'n goeie toestand het wat geskik sal wees vir ons inwoners sou ons dit as **skenkings kan waardeer**. Ons dink hier aan toerusting wat slegs met die betrokke persoon se spierkrag geaktiveer word. Byvoorbeeld geen elektriese "treadmills" nie.

## STOEP 3B WINKELTJIE

Voorlopig word 'n winkeltjie oorweeg waar inwoners van hul oortollige items ontslae raak om verkoop te word. Wins na HEV.

## SPOEDWALLE

Daar is besluit om ten minste op twee plekke, wat potensiëel gevaar inhou nog spoedwalle aan te bring. Spoebeperkings word nie gehoorsaam nie en stoptekens word geignoreer.

## BUSSIE

Die bussie gaan opgeknap word. Netjies gemaak duikies verwyder en Branding sal ook hernu word.. Amos ry weer en daar is 'n alternatief vir noodgevalle.

## BOORGAT

'n Verdere hidroloog het selfde plek aangedui en daar sal binnekort met boorwerk begin kan word.

## WATERVERBRUIK

Daar is maar altyd die wat hulle nie steur aan waterbeperkings nie. Dan is daar die wat hul kraan toemaak terwyl hulle tande borsel. **Groot versoek tot samewerking: Kom ons gebruik, behalwe vir toilette, geen water vir enige doel tussen 01:00 en 04:00 Dit sal ons deurlopend in staat stel om te kan bepaal of daar lekkasies in ons stelsel is.**

## REËLS BALKONNE EN STOEPE WOONSTELLE

Die onderstaande/ aangehegte reëls is goedgekeur ( kort opsomming van alle toepaslike oordreëls). Dit sal in alle hysbakke aangebring word en ook in portale van die grondvloer. Van nou af ook toegepas word.

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidssalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudies, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***

# Bougainvilla Aftree-oord woonstelle

**Reëls van toepassing by woonstelle en balkonne/stoepe**

**1. Balkonne moet <u>skoon en netjies</u> wees (verhoed miere, goggas, kakkerlakke)**

**2.Geen wasgoed, besems, dweile (mops) of ander onooglike items mag sigbaar wees nie.**

**3.Duiwe en voëls mag NIE gevoer word NIE (Geen GIF nie)**

**4. Geen menslike/dierlike afval op balkonne is toelaatbaar nie**

**5. Geen vlambare items of braai word toegelaat op balkonne of stoepe.**

**6. Items op balkon muurtjies is gevaarlik, verwyder of maak baie stewig VAS.**

**7. Sigbare pleistermure op balkonne mag u verf. (kry toestemming en voorgeskrewe kleur).**

**8. Versierings aan mure toegelaat na toestemming. (geen aanstoot vir ander)**

**9.Balkonne mag nie as <u>STOORPLEKKE</u> vir oortollige items gebruik word nie.**

**10.Geen items mag afgegooi (stompies) of afgespoel word nie. (dis 'n las vir ander)**

**11. Beperk plantehouers tot redelike aantal, met natmaak mag water nie afloop nie.**

**12. Water wat afloop veroorsaak modderige strepe op laermure (U verantwoordelik)**

**13. Kaste om besems in te stoor is met toestemming (kleur grootte plasing) toelaatbaar.**

**14. Geen hangplante aan buitekant van vensters of relings nie.**

**15. Vullissakke in gang geplaas voor 07:00 Maandag tot Vrydag sal verwyder word.**

**16.Geen vullissakke word op Saterdae of Sondae verwyder nie.**

**17. Planke, hout kaste, kiste ens. wat geplaas word om die son uit te hou, is nie toelaatbaar nie.**

**18. Alle redelike lawaai, maak of speel van musiek, radio, slegs 9:00tot 12:00 en 15:00 tot 18:00**

**19. Geen honde bokant grondvloer toegelaat nie, en streng voorwaardes op grondvloer**

**Inligting van voorgeskrewe manier om toe te maak om son uit te hou is by kantoor beskikbaar**

**of u bel Pieter op 082 7771491 (verskaffer wat ons aanbeveel).**

**Indien u reeds verkeerdelik toegemaak het, kom gesels met persoon betrokke in u woonstelblok.**

**Ons kan moontlik reëlings tref vir tydelike uitstel.**

**As u nie aan voorwaardes voldoen nie, sal u gewaarsku word en uiteindelik beboet word of gedwing word om op voorgeskrewe manier toe te maak**

**Verdere hulp en raad beskikbaar by die volgende persone**
**Blok A1 - Magda 2209, Blok A2 - Henri 1212, Blok A3 - Antoinette 1304,**
**BlokB - Poppie 3009, Blok C - Poppie 4309, BlokD - Elize5110**